OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

1/- **Saturday, 16th June, 1934.** **WINDHOEK** **Saterdag, 16 Junie 1934.** **No. 566**

The following Government Notices are published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 76.] [14th June, 1934.

ORDINANCES, 1934: PROMULGATION OF.

His Honour the Administrator has been pleased to assent in terms of Section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of Section *thirty-four* of the said Act:—

No.	*Title.*	*Page*
4.	Game Preservation Ordinance Amendment Ordinance, 1934	8932
5.	Local Loans Ordinance Amendment Ordinance, 1934	8933
6.	The Crawfish Export Control Ordinance, 1934	8933

Government Notice —

No. 77. Export of Crawfish to France . . . 8934

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 76.] [14 Junie 1934.

ORDONNANSIES 1934: UITVAARDIGING VAN.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies, wat hiermee vir algemene informasie gepubliseer word ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:

No.	*Titel.*	*Bladsy*
4.	Wildbeskerming-Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1934	8932
5.	Plaaslike Lenings Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1934	8933
6.	Ordonnansie op die Kontrole van die Uitvoer van Kreef 1934	8933

Goewermentskennisgewing —

No. 77. Uitvoer van Kreef na Frankryk . . . 8934

No. 4 of 1934.]

ORDINANCE

To amend the law relating to the preservation of game.

(Assented to 14th June, 1934.)
(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression "the principal Ordinance" means the Game Preservation Ordinance, 1927 (Ordinance No. 5 of 1927), as amended by the Game Preservation Ordinance Amendment Ordinance, 1928 (Ordinance No. 6 of 1928), and the Game Preservation Ordinance Further Amendment Ordinance, 1930 (Ordinance No. 2 of 1930).

2. Section *five* of the principal Ordinance is hereby amended by the addition at the end of sub-section (3) thereof, and section *seven* of the principal Ordinance is hereby amended by the addition at the end of the second paragraph thereof, of the following words:—

"Provided that the Administrator may authorise the issue of licences free of any charge or upon payment of such fees as he may determine to members of the public service, including the Police, while such public servants are stationed either temporarily or permanently in any portion of the area beyond the Police Zone as defined in paragraph (a) of sub-section (1) of section *three* of the Prohibited Areas Proclamation, 1928 (Proclamation No. 26 of 1928)."

3. Sub-section (1) of section *six* of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the words "enclosed with a sufficient fence" occurring therein.

4. Sub-section (2) of section *six* of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the word "enclosed" occurring therein.

5. Sub-section (4) of section *six* of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the word "enclosed" occurring therein.

6. Section *ten* of the principal Ordinance is hereby amended by the addition at the end of sub-section (1) thereof of the following paragraph:—

"Provided that the Administrator may authorise the issue of such permits free of any charge to members of the public service, including the Police, while such public servants are stationed either temporarily or permanently in any portion of the area beyond the Police Zone as defined in paragraph (a) of sub-section (1) of section *three* of the Prohibited Areas Proclamation, 1928 (Proclamation No. 26 of 1928)."

7. Section *twenty-one* of the principal law is hereby amended by the addition of the following paragraph at the end thereof:—

Moreover, any person resident in this Territory, may export annually biltong not exceeding twenty pounds in weight, without the payment of any export tax, under the authority of a permit issued by the magistrate of the district within which such person resides or any other person duly authorised thereto by the Secretary for South West Africa. The issue of such permit shall be in the discretion of such magistrate or such duly authorised person.

8. This Ordinance may be cited as the Game Preservation Ordinance Amendment Ordinance, 1934.

(No. 4 van 1934.]

ORDONNANSIE

Om die wet betreffende die beskerming van wild te wysig.

(Goedgekeur 14 Junie 1934.)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking "die hoofordonnansie" die Wildbeskerming-Ordonnansie, 1927 (Ordonnansie No. 5 van 1927), soos gewysig deur die Wildbeskerming-Ordonnansie Wysigingsordonnansie, 1928 (Ordonnansie No. 6 van 1928), en die Wildbeskerming-Ordonnansie Verder Wysigingsordonnansie, 1930 (Ordonnansie No. 2 van 1930).

2. Artikel *vyf* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die toevoeging aan die end van subartikel (3) daarvan en artikel *sewe* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die toevoeging aan die end van die tweede paragraaf daarvan, van die volgende woorde:—

"Met dien verstande dat die Administrateur die uitreiking van lisensies kosteloos of teen betaling van sodanige fooie, wat hy mag bepaal, aan lede van die staatsdiens, insluitende die Polisie, kan magtig terwyl sodanige staatsbeamptes hetsy tydelik of permanent gestasioneer is in enige deel van die Gebied buitekant die Polisie-sone, soos bepaal in paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *drie* van die Verbode Gebiede Proklamasie 1928 (Proklamasie No. 26 van 1928)."

3. Subartikel (1) van artikel *ses* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die skrapping van die woorde "met 'n soliede omheining" wat daarin voorkom.

4. Subartikel (2) van artikel *ses* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die skrapping van die woord "omheinde" wat daarin voorkom.

5. Subartikel (4) van artikel *ses* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die skrapping van die woord "omheinde" wat daarin voorkom.

6. Artikel *tien* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die toevoeging van die volgende paragraaf aan die end van subartikel (1) daarvan:—

"Met dien verstande dat die Administrateur die kosteloze uitreiking van sodanige permitte aan lede van die staatsdiens insluitende die Polisie, kan magtig terwyl sodanige staatsbeamptes hetsy tydelik of permanent gestasioneer is in enige deel van die gebied buitekant die Polisie-sone, soos bepaal in paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *drie* van die Verbode Gebiede Proklamasie, 1928 (Proklamasie No. 26 van 1928)."

7. Artikel *een-en-twintig* van die hoofwet word hierby gewysig deur die toevoeging van die volgende paragraaf aan die end daarvan:—

Daarenbowe mag enige persoon, woonagtig in hierdie Gebied, jaarliks biltong wat nie meer as twintig pond weeg nie, sonder die betaling van enige uitvoerbelasting ingevolge die magtiging van 'n permit uitgereik deur die magistraat van die distrik, waarin sodanige persoon woonagtig is, of enige ander deur die Sekretaris vir Suidwes-Afrika daartoe behoorlik gemagtigde persoon, uitvoer. Die uitreiking van sodanige permit berus by sodanige magistraat of sodanige behoorlik gemagtigde persoon.

8. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Wildbeskerming-Ordonnansie Wysigingsordonnansie, 1934.

No. 5 of 1934.]

ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the making of loans to local authorities for public purposes, and to provide for power to guarantee such loans when made by third parties.

Repealed by Act 23/92/95

(Assented to 14th June, 1934.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Local Loans Ordinance, 1927 (Ordinance No. 7 of 1927), is hereby amended by the addition of the following new section as section *twelve*, the present section *twelve* becoming section *thirteen*:—

"12. The Administrator may guarantee loans granted to local authorities by third parties for the purposes specified in section *two*, provided that the terms of such loans conform as regards repayment to the requirements of sub-section (1) of section *seven*.

The provisions of sections *three*, *four*, *five*, *six*, *eight*, *nine* and *ten* of this Ordinance shall apply *mutatis mutandis* in respect of such guarantees."

2. This Ordinance may be cited as the Local Loans Ordinance Amendment Ordinance, 1934.

No. 5 van 1934.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die Wet betreffende die verlening van lenings aan plaaslike besture vir openbare doeleindes en om voorsiening te maak vir mag om sodanige lenings te garandeer wanneer hulle deur derde partye verleen word.

(Goedgekeur 14 Junie 1934.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Die Plaaslike Lenings Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 7 van 1927) word hierby gewysig deur die toevoeging van die volgende nuwe artikel as artikel *twaalf*, terwyl die teenswoordige artikel *twaalf* artikel *dertien* word:—

"12. Die Administrateur kan lenings deur derde partye vir die doeleindes gespesifiseer in artikel *twee* aan plaaslike outoriteite verleen, garandeer, mits die terme van sodanige lenings, wat terugbetaling betref, beantwoord aan die voorskrifte van subartikel (1) van artikel *sewe*.

Die bepalings van artikels *drie*, *vier*, *vyf*, *ses*, *agt*, *nege* en *tien* van hierdie Ordonnansie is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van sodanige garansies."

2. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Plaaslike Lenings Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1934.

No. 6 of 1934.]

ORDINANCE

To control and regulate the export of crawfish.

(Assented to 14th June, 1934.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Administrator may, by notice in the *Official Gazette*, at any time—

(a) prohibit or restrict the export of crawfish from this Territory to any country, except under the authority of a permit issued by the Administrator or by some person duly authorised by him in terms of such notice. The Administrator or such authorised person may issue such permit subject to such conditions as he may deem fit;

(b) withdraw, amend or modify any prohibition or restriction imposed as aforesaid;

(c) provide a penalty for the contravention or evasion of the provisions of any notice published in terms of this Ordinance, or of any conditions attached to a permit issued by virtue of such notice.

2. This Ordinance may be cited as The Crawfish Export Control Ordinance, 1934.

No. 6 van 1934.]

ORDONNANSIE

Om die Uitvoer van Kreef te kontroleer en te reguleer.

(Goedgekeur 14 Junie 1934.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika as volg:-

1. Die Administrateur kan deur kennisgewing in die *Offisiële Koerant* te enige tyd:-

(a) die uitvoer van kreef uit hierdie Gebied na enige land belet of beperk, tensy dit gebeur ingevolge die magtiging verleen deur 'n permit uitgereik deur die Administrateur of een of ander persoon, wat behoorlik deur hom ooreenkomstig sodanige Kennisgewing daartoe gemagtig is. Die Administrateur of sodanige gemagtigde persoon kan sodanige permit onderhewig aan sodanige voorwaardes wat hy goedvind, uitreik;

(b) enige verbod of beperking wat, soos bogemeld, bepaal is, terugtrek, wysig of verander;

(c) 'n straf bepaal vir die oortreding of ontduiking van die bepalings van enige Kennisgewing gepubliseer ooreenkomstig hierdie Ordonnansie of van enige voorwaardes verbonde met 'n permit uitgereik kragtens sodanige Kennisgewing.

2. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Ordonnansie op die Kontrole van die Uitvoer van Kreef 1934.

No. 77.] [14th June, 1934.

EXPORT OF CRAWFISH TO FRANCE.

The Administrator has been pleased, in terms of Section *one* of the Crawfish Export Control Ordinance, 1934, to make known as follows:—

1. From and after the date of promulgation hereof the export of crawfish from South West Africa to France is prohibited except under the authority of a permit granted by the Administrator, or by the Secretary for South West Africa, or by the Magistrate of Luderitz, or by the Magistrate of Swakopmund.

2. Any person who contravenes or evades or attempts to contravene or evade the provisions of paragraph *one* hereof, or any condition attached to the issue of a permit under the said paragraph, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding £100, or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding twelve months.

No. 77.] [14 Junie 1934.

UITVOER VAN KREEF NA FRANKRYK.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel *een* van die Ordonnansie op die Kontrole van die Uitvoer van Kreef 1934, die volgende bekend te maak:—

1. Vanaf en na die datum van die uitvaardiging hiervan is die uitvoer van Kreef van Suidwes-Afrika na Frankryk verbied tensy dit gebeur op grond van magtiging verleen deur 'n permit van die Administrateur of die Sekretaris van Suidwes-Afrika of die Magistraat van Luderitz of die Magistraat van Swakopmund.

2. Enige persoon wat die bepalings van paragraaf *een* hiervan of enige voorwaardes verbonde met die uitreiking van 'n permit ingevolge genoemde paragraaf oortree of ontduik of probeer om hulle te oortree of te ontduik, is skuldig aan 'n misdryf en, by skuldigbevinding, blootgestel aan 'n boete van hoogstens £100 of, by wanbetaling, aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande.

John Meinert Ltd., Windhoek.